# Ons pad van transformasie

Die NWU se pad van transformasie bly 'n moeisame dog opwindende en vervullende poging, wat lei tot verskeie veranderinge met betrekking tot beleide, demografie, stelsels en strukture.

Hierdie veranderinge behels baie van die 10 belangrike transformasiepilare wat ons geïdentifiseer het as van kritieke belang vir die suksesvolle bereiking van ons doelwitte. Die transformasiepilare is Diversiteit, Toegang, Belyning, Herstel, Gelykheid, Hulpbrontoewysing, Groter Eenheid, Studente-ervaring, Sukses en Kwaliteit.

## Die pad met Covid-19, die akademie en studente

Kwessies rondom toegang, herstel en gelykheid het na vore gekom te midde van die Covid-19-pandemie, wat ongelykhede in studente se toegang tot en bedrewenheid met tegnologie en die funksies daarvan blootgelê het.

In reaksie hierop het ons ons interne platforms vir onderrig, leer en navorsing aangepas en verder verfyn om die aanlyn omgewing meer toeganklik vir ons studente te maak.

Hierdie aanlyn platforms is gratis gemaak en toestelle en data is aan studente verskaf wat dit nodig gehad het, om te verseker dat ons studente die geleentheid gehad het om die akademiese program aanlyn van die huis af te voltooi, en op gelyke voet aan die universiteitslewe kon deelneem.

## Monitering van transformasie

Ons vermoë om die vordering van transformasie regoor die NWU te moniteer, het al hoe meer gesofistikeerd geword, danksy meganismes soos ons transformasie-oorsigproses, wat voortdurend verfyn word.

Verkryging was 'n deurlopende fokus in 2021 en het gelei tot prestasies soos die ontwikkeling van 'n voorkeurverkrygingstrategie wat KMMO's betrek.

Binne die studenteleierskaps- en -bestuursomgewing is die kritieke rol van studenteleiers in die dryf van volhoubare transformasie op voetsoolvlak in 2021 versterk. Spesifieke studenteleierskapportefeuljes is gevestig, wat getaak is met die ontwikkeling van transformasie en diversiteit binne die studentedomein.

Ons kan met sekerheid sê dat verslagdoening oor transformasie by die NWU meer omvattend en koherent geword het, in ooreenstemming met die breër institusionele doelwitte en doelstellings.

## Toesighouding oor transformasie

Verskeie strukture wat aan die Raad verslag doen, speel 'n oorsigrol om te verseker dat die universiteit op koers bly met sy transformasieteikens en -doelwitte. Die betrokke subkomitees van die Raad is die Transformasie-oorsigkomitee, die Komitee vir Mense en Kultuur en Indiensnemingsgelykheid en die Studentetoesigkomitee.

Die Institusionele Forum (IF) vervul 'n belangrike adviserende rol oor transformasie-aangeleenthede. In 2021 was die IF onder voorsitterskap van die uitvoerende direkteur vir studentelewe, dr Sibusiso Chalufu, wie se toegewese funksie by die NWU transformasie is.

Benewens hierdie formele bestuurstrukture word transformasie beskou as 'n primêre doelwit vir personeel en studente, wat aangemoedig word om innoverende en praktiese meganismes te soek om 'n diverse studentepopulasie en studenteleierskapskohort tot stand te bring.

## Waardetoevoeging

Ons het pogings opgeskerp om hindernisse vir studente met gestremdhede uit die weg te ruim. Gestandaardiseerde bystand en geleenthede vir hierdie studente is verder moontlik gemaak deur die hersiening en goedkeuring van rigtinggewende beleidsdokumentasie gedurende 2021.

Die Raad het die Beleid oor Studente met Gestremdhede, die Beleid oor Geslagsgebaseerde Geweldbeleid en die Transformasiehandves goedgekeur. Ons het ook verskeie rigtinggewende dokumente en prosesse verbeter wat die transformasie van die studente-omgewing verder moontlik maak.

Studentelewe en Mense en Kultuur het saamgewerk aan die suksesvolle hersiening van die rigtinggewende waardes van die universiteit en het verder bygedra tot die begrip van beide personeel en studente oor hierdie waardes en geassosieerde waardegedrewe gedrag.

In 2021 het ons personeel aan verskeie sektorale transformasie-inisiatiewe deelgeneem. Dit het die 2de Hoëronderwyskonferensie ingesluit, met die tema: "Die Betrokke Universiteit." Deelname aan sulke geleenthede help verseker dat die NWU se senior bestuur ingestel is op transformasietendense regoor die hoëronderwyssektor.

## Strewe na en instaatstelling van gelykheid

Ons beskou transformasie as sinoniem met geregtigheid, kultuur, prestasieaanwysers, gemeenskaplike welstand, uitnemendheid en relevansie.

Transformasie gaan ook daaroor om ingestel te wees op omgewings- en politieke veranderings, sowel as die behoeftes van die gemeenskappe wat deur ons bedien word.

Die 2021-2023 Indiensnemingsgelykheidsplan, wat in September 2020 deur die Raad goedgekeur is, gee uitdrukking aan die Indiensnemingsgelykheidsbeleid, wat toesien dat die universiteit gelyke geleenthede vir alle werknemers en voornemende werknemers skep.

Die Raad het goedgekeur dat die volgende teikens in die nuwe Indiensnemingsgelykheidsplan geïnkorporeer word ten einde die pas van transformasie te versnel:

> Aanstelling van swart personeel: 70% (minstens)

> Aanstelling van mense met gestremdhede: 2%

Teikens is geïnkorporeer in die universiteit se JPP en afgewentel na die individuele prestasieooreenkomste.

Alle individuele prestasie-ooreenkomste vir lynbestuurders is herontwerp om die mensebestuur-sleutelprestasie-area (SPA) vir die bestuur van indiensnemingsgelykheid, diversiteit en die bevordering van die voorkeur-NWU-kultuur in te sluit.

## Akademiese transformasie

Die Covid-19-pandemie het voortgegaan om aanleiding te gee tot nuwe reaksies in die transformasie van onderrig-leer.

Alhoewel ons in 2021 steeds op aanlyn onderrig en leer staatgemaak het, het studente na die kampusse begin terugkeer. Kontakonderrig is in fases hervat, beginnende met programme waar kontakaflewering nodig was vir laboratorium-, werkswinkel- of internskapwerk of om aan die vereistes van regulerende liggame te voldoen.

Teen die einde van die jaar is alle studente genooi om na ons kampusse terug te keer.

Ons het ook begin met die taaloudit- en opnameproses wat verband hou met die hersiening van die NWU se Taalbeleid. Die Taaldirektoraat het ondersteuning verleen deur materiaal te vertaal en aanlyn hulp met tolking aan te bied. Laasgenoemde is bekendgestel om aan pandemie-voorwaardes te voldoen en ons sien uit na 'n meer genormaliseerde aanbod namate die pandemie wyk.

### VERKLARING OOR TRANSFORMASIE

Die NWU glo dat waardetoevoegende transformasie diep ingebed moet wees in al ons aktiwiteite, van die transformasie van die kurrikulum af tot by die transformasie van die institusionele kultuur. Daar word van alle lede verwag om die universiteit se transformasiedoelwitte te bevorder en om voorstanders van transformasie-inisiatiewe te wees. Ons is verbind tot betekenisvolle veranderings wat 'n positiewe impak op ons personeel en studente se lewens sal hê.

*Goedkeuring vir die verklaring van die NWU-Raad verkry op 23 Junie 2022.*

In nog 'n positiewe stap vir akademiese transformasie het ons die inhoudsareas vir die Kortleerprogram in Sesotho gefinaliseer.

Aspekte van transformasie is uitgelig tydens die drie groot kruiskurrikulêre temaweke wat ons gedurende die jaar aangebied het oor aktuele kwessies in die samelewing en die universiteit.

Rasbewustheidsweek is in April 2021 gehou en het 'n rekordgetal deelnemers gelok. Geslagsbewustheidsweek het in Augustus plaasgevind, met die fokus op vroue en wetenskap. Laastens is Taalbewustheidsweek in September gehou. Dit het oor taaldiversiteit gehandel en die veeltalige en kreatiewe bydraes van studente en personeel gevier.

Ter erkenning van die impak wat die Covid-19-pandemie op onderrig-leer gehad het, het die universiteit 'n interne kwaliteitsoorsig van assessering (bekend as Cov-ARC) goedgekeur. Alle fakulteite en 'n verskeidenheid nagraadse en voorgraadse programme het deelgeneem, en personeel en studente is uitgenooi.

## Die pad vorentoe


Alhoewel ons goeie vordering maak met ons transformasietrajek, is daar nog baie wat gedoen moet word.

Ons glo dat ons hierdie uitdaging die hoof kan bied. Ons primêre motivering vir die voortsetting en versnelling van ons pad van transformasie is dat dit die 'regte' ding is om te doen en dat dit strook met ons waardes.

Ons bly daartoe verbind om aan te hou bou aan ons unitêre instansie, om 'n institusionele kultuur en 'n unieke NWU-manier tot stand te bring wat ons strategie ondersteun en spreek van omgee, gelykheid en regverdigheid teenoor almal. Daarom sal transformasie hoog op ons agenda bly.



**MNR BERT SORGDRAGER**
VOORSITTER VAN DIE RAAD



**DR BISMARK TYOBEKA**
VISEKANSELIER

*Transformasie bly steeds ons gesamentlike doel en verantwoordelikheid waardeur ons poog om 'n universiteit tot stand te bring wat inklusiwiteit koester, diversiteit vier, sosiale geregtigheid handhaaf en onverpoos werk aan die verwesenliking van die strewe om 'n internasionaal erkende instansie te skep wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek.*